Orionland Kleuterskool

# Visie en Missie

**Visie:**

Orionland Kleuterskool streef na uitnemendheid op 'n Christelike grondslag deur Afrikaanse moedertaalonderrig en die totale ontwikkeling van elke kleuter.

**Missie:**

Die daarstelling van 'n pre-primêre opvoedkundige sentrum van uitnemendheid waar kleuters in Afrikaans voorberei word vir die veranderende wêreld, deur die maksimale benutting van alle beskikbare hulpbronne.

Alle belanghebbendes verbind hulself tot die volgende waardes en riglyne:

1. Die handhawing, beskerming en bevordering van:
    - Christelike waardes gebaseer op die Woord van God, met erkenning en beskerming van vryheid van geloof, spraak en assosiasie
    - Afrikaans as amptelike voertaal en onderrigmedium
    - Hoë onderrig- en akademiese standaarde
2. Die opvoeding van kleuters tot verantwoordelike burgerskap
3. 'n Afrikaanse kultuur en eie opvoeding
4. 'n Vennootskap tussen belanghebbendes, gebaseer op 'n onderlinge vertrouensverhouding en 'n verantwoordelike interaksie met die gemeenskap
5. Gedifferensieerde ontwikkeling van die kind in totaliteit, ter verwesenliking van sy/haar volle potensiaal
6. 'n Gesonde balans tussen akademie, sport en kultuur
7. Professionele uitnemendheid
8. Koste-effektiewe onderwys en opvoeding
9. Geen diskriminasie teen enige geloof of kultuur